

Teks 2

Sefapano: kruis

'n Vrystaatse boer het vir die omgewing se mense 'n kruis bo-op die berg aangebring omdat hulle gereeld daar gaan bid het.

Alliterasie: herhaling van klinkers na aan mekaar

Alleenplasing: 'n woord staan alleen in 'n versreël.

Suurveld: grond waar suurgehalte baie hoog is; plante groei moeilik daarin.

Hlomiso: die berg

Die woorde "aan die voet" beteken heel onder.

Sefapano

Johann Lodewyk Marais

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
ditapole
mekopu
poone
dikgoho
dipodi
dipere
dikgomo
vir reën
gaan bid
sing
met 'n stok
agter die moruti
werkklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

Woordeskat

moruti – priester
dikgomo – beeste
dipere – perde
dipodi – bokke
digoho – hoenders
poone – mielies
mekopu – pampoene
ditapole – aartappels



(Uit: *Palimpes*, Human & Rousseau, 1987)

Post-les: Verstaan die teks

Formele assessering

a. Beantwoord die vrae oor die kenmerke van die tekssoort

1. Hoe verskil die bou van hierdie gedig van baie ander gedigte?
2. Hoe pas die vorm van die gedig by die inhoud?

b. Beantwoord die volgende begripsvrae oor teks 2

1. Waar vergader die groep mense? Gee 'n aanhaling. (2)
2. Wat sê die woord "stoet" vir 'n mens van hoe die mense loop? (1)
3. Hoe weet jy dat die groep mense godsdienstig is? (2)

4. Beskryf die groep mense. (2)
5. Wat doen die mense terwyl hulle stap? (1)
6. Hoekom gaan die optog na die kruis toe? (2)
7. Haal 'n voorbeeld van alliterasie aan. Onderstreep die alliterasie. (2)
8. Haal een woord aan wat daarop dui dat dit baie droog is. (2)
9. Waarom is die mense so afhanklik van reën? (2)
10. Hoekom, dink jy, het die digter van die woorde in Sesotho geskryf? (2)
11. Wat simboliseer die kruis vir die mense? (1)
12. Kies 'n woord wat die gedig se atmosfeer beskryf: ernstig, slingerend, gewyd, geselsereg, veeltalig. (1)